DIE EVANGELIE AS PRAGMATIES-KOMMUNIKATIEWE GEBEURE: 'N PERSPEKTIEF OP EVANGELISTIEK

C J A VOS

ABSTRACT

The gospel as a pragmatic-communicative act: A perspective on evangelism

The article focuses on the gospel as a pragmatic-communicative act. The answer to the question of what is communicated by the gospel, is determined by examining the relationship between evangelism and mission. Certain models for determining the difference between evangelism and mission are examined. The scope of the term gospel is analysed at the hand of Luke chapter 4, and its application in the Missiology and Practical Theology is elucidated in the light of the above finding. The gospel as a pragmatic-communicative act is, lastly, illustrated at the hand of the parable of the prodigal son.

1. Evangelisasie en sending

'n Antwoord op die vraag wat die begrip evangelie kommunikeer word deur die besinning oor die verhouding tussen evangelisasie en sending bepaal. Daar word in die opstel aandag gegee aan die modelle wat die verhouding tussen evangelisasie en sending verskillend belig.

1.1 Volgens Johannes Verkuyl[1] handel evangelisasie oor die kommunikasie van die Christelike geloof met mense wat nie langer Christene is nie (veral in die Weste), terwyl sending te doen het met mense wat nog nie Christene is nie (veral in die Derde Wêreld). Evangelisasie dui op *Ruckkehr, Rechristianisierung, Neuanfang, revocare, den Entfremdeten.* Sending het *Umkehr, Christianisierung, Anfang, vocare*, den *Fremden* op die oog.[2] In dié onderskeiding speel die gedagte van die *character indelebilis* van die doop en die opvatting van die *corpus Christianum* 'n vername rol. In die lig hiervan word geoordeel dat *Innere Mission* en *Volksmission* teologies te onderskei is van (uitwaartse) sending. Die "objek" van die *Vollksmission* is elke lid van die volkskerk wat as gedoopte eers 'n Christen moet word.

Hierdie onderskeiding — desnieteenstaande die feit dat dit tot vandag toe nog in sowel Protestantse as Rooms-Katolieke geledere gehandhaaf word — is sedert die Tweede Wêreldoorlog toenemend bevraagteken. Een van die hoofredes is dat die proses van sekularisasie die

onderskeid tussen die voorwerpe van sending en evangelisasie laat vervaag het.[3]

1.2 'n Tweede groep teoloë laat vaar die onderskeid tussen sending en evangelisasie en kies vir evangelisasie ten koste van sending.

In dié benadering is evangelisasie die fyn net wat al die blink en vet visse moet vang. John Walsh[4] noem alle aksies van die kerk op die terrein van "human development, liberation, justice and peace ... **integral** parts of ministry of evangelization".

1.3 'n Derde groep teoloë huldig die mening dat die onderskeid tussen evangelisasie en sending gehandhaaf moet word, maar dan op so 'n wyse dat evangelisasie die sambreel-begrip is "for the entire manner in which the gospel becomes a reality of man's life" deur die aktiwiteite van proklamasie, dialoog, diens en presensie. Sending as teologiese konsep word dan gebruik vir die oorsprong, motivering en vestiging van die genoemde aktiwiteite.[5]

1.4 'n Vierde moontlikheid om die verhouding sending-evangelisasie aan te dui, is om sending as die omvattende begrip en evangelisasie as 'n onderdeel van sending te beskou.

Oor die plek van evangelisasie in die sendingaksie bestaan daar verskil van mening. Die volgende benaderinge kan onderskei word:

1.4.1 John Stott[6] is van oordeel dat sending 'n omvattende begrip is, "embracing everything which God sends his people into the world to do". Evangelisasie aan die ander kant is volgens Stott minder omvattend en in werklikheid 'n onderdeel van sending. Hy omskryf sending as evangelisasie plus sosiale aksie.[7] Alhoewel die ewige heil volgens hom voorrang het bo die politieke en ekonomiese bevryding is hy oortuig daarvan dat "the actual commission itself [veral met verwysing na die Johannese vorm van die sendingopdrag, Joh 20:21 — C J A V] must be understood to include social as well as evangelistic responsibility, unless we are to be guilty of distorting the words of Jesus".[8]

1.4.2 'n Variasie op die siening van Stott is dat evangelisasie en sosiale aksie wel aspekte van sending is, maar aangesien albei ewe belangrik is, mag daar nie 'n prioriteit aan een van die twee toegeken word nie. Die twee terme is so verweef dat hulle nie ontrafel mag word nie.[9]

1.4.3 'n Derde mening gee Stott gelyk dat sending evangelisasie plus sosiale aksie is, maar reken dat in vandag se wêreld die voorrang aan sosiale aksie bo evangelisasie verleen moet word.[10]

1.4.4 D J Bosch[11] gee op voetspoor van Stott voorkeur aan die opvatting waarvolgens evangelisasie as 'n onderdeel van sending beskou word. Hy lewer egter kritiek op Stott se siening in soverre as wat sending volgens hom nie maar net 'n optelsom van verskillende aksies (sending is evangelisasie plus sosiale aksie) is nie, maar sending is die kerk se omvattende taak om van Gods weë heil aan die wêreld te bring. Die kerk tree in sy missionêre betrokkenheid uit homself in die wyer wêreld. In hierdie uittree val die lig van die evangelie óók op die sosiale aspek van die mens se bestaan. Dit bring mee dat die kerk in sy sending alle brûe en hindernisse oorbrug: geografies, sosiaal, polities, etnies, kultureel, religieus, ideologies. Die kerk-in-sending dra die boodskap van God se heil na al die lewensterreine. Sending beteken dus om betrokke te wees by die bevryding van die wêreld tot die eer van God.

2. Evangelisasie

As sending op dié wyse gedefinieer word, is die vraag: wat is evangelisasie dan? Die term evangelisasie word deur die begrip *euangellion* gemunt. In plaas daarvan om die begrip *euangellion* in die Nuwe Testament na te speur,[12] kan dit ook sinvol wees om die funksie van die woord in Lukas 4 na te gaan. In Lukas 4:18—27 kom die volgende semantiese veld van die woord aan die lig:

2.1 Na die openingswoorde dat die Gees Jesus gesalf het, is sy heel eerste woord: evangelie; om die evangelie te verkondig. Hieruit blyk dat die evangelie aan 'n Persoon verbind is. Jesus is die Brenger van die evangelie.

2.2 Lukas berig dat die Boodskapper goeie nuus bring. Die evangelie is dus goeie nuus.

2.3 Jesus is self die goeie nuus.

2.4 In Handelinge sê Lukas wat die inhoud van die goeie nuus is: dit is bekering, vergewing van sondes en verlossing (vgl Hand 5:31).

2.5 Die goeie nuus in Lukas 4 is goeie nuus vir die armes, gevangenes, blindes, onderdruktes. Die woord "armes" is eintlik 'n versamelnaam vir al die ander groepe wat hier aan die orde kom, dit wil sê vir almal wat op een of ander manier die slagoffers van die samelewing of van omstandighede geword het. Die armes van die aarde leer die kerk opnuut dat die "geestelike evangelie" en die "materiële evangelie" by Jesus onlosmaaklik verweef is.[13]

2.6 Die volgende dimensie van die evangelie kom in Lukas 4 nie na vore in dit wat Jesus gesê het nie, maar eerder in dit wat Hy nie gesê het nie. Dit is opvallend dat die hele berig positief verloop totdat Jesus, na sy Skriflesing uit Jesaja, begin preek. Dan is daar skielik verset teen wat Hy sê. Dit lyk asof die verset in die eerste plek te make het met die wyse waarop Hy uit Jesaja 61 lees. Hy lees net tot by die eerste helfte van Jesaja 61:2, tot by die aankondiging van die jaar van God se welbehae. Hy verswyg die tweede deel, die deel oor die Goddelike wraak. Hiermee gee Hy te kenne dat die tyd vir haat en wraak onherroeplik verby is. Sy volgelinge mag nie haat of wraak saamdra nie, selfs nie teenoor hulle grootste vyand nie.[14] Die evangelie maak Jesus se volgelinge dus deelnemers aan die evangelie en dit word sigbaar deur die teendeel van haat en wraak, naamlik die liefde.

2.7 In die oë van die Jode van die sinagoge van Nasaret het slegs volbloed Jode gekwalifiseer om tot God se volk te behoort. Teen hulle opinie in herinner Jesus hulle aan twee gebeurtenisse van eeue gelede (Luk 4:25—27). Hoewel daar baie arm weduwees in Elia se tyd was, het God sy profeet nie na een van daardie arm weduwees gestuur nie. Hy moes na die heidense gebied Sarfas gaan om dáár God se genade en ontferming uit te stort op 'n heidense vrou. In Elisa se tyd was daar talle melaatses in Israel. Maar God stuur 'n heiden, Naáman, die hoof van die leer van die Arameërs wat in daardie tyd die grootste militêre bedreiging vir Israel was, om deur Elisa gesond gemaak te word. Jesus se gehoor snap sy boodskap: by God is daar nie net plek vir Israel nie, maar vir alle mense. God se volk is 'n gemeenskap wat uit alle volke kom. Volgens Bosch[15] kan evangelisasie omskryf word "as that dimension and activity of the church's mission which seeks to offer every person, everywhere, a valid opportunity to be directly challenged by the gospel of explicit faith in Jesus Christ, with a view to embracing him as Savior, becoming a living member of his community, and being enlisted in his service of reconciliation, peace, and justice on earth".

3. Evangelisasie in die Praktiese Teologie

Die gemeenskaplike tussen die Sendingwetenskap en die Praktiese Teologie bestaan daarin dat die onlosmaaklike binding tussen sending en evangelisasie onverswak gehandhaaf moet word. Die missionêre bestaan van 'n gemeente is ononderhandelbaar. En tog kan die kommunikasie van die evangelie 'n ander gestalte in die Evangelistiek as in die Sendingwetenskap aanneem. Al is dit soms so dat die proses van sekularisasie die grense tussen die afgedwaalde en die ongelowige uitwis, is

die Evangelistiek *veral* daaroor begaan om die dowwe spore van die afgedwaalde na te loop. Hoewel die doop nie 'n *character indelebilis* is nie, oefen God steeds sy aanspraak op sy ontroue bondgenoot uit.[16] Wanneer dié funksie van evangelisasie in die Praktiese Teologie in aanmerking geneem word, moet daar met die volgende aspekte van evangelisasie in die Evangelistiek rekening gehou word:

3.1 Die evangelie (goeie nuus) is aan die kerk toevertrou. Hy mag hom nooit van die evangelie losmaak nie.

3.2 Die evangelie gaan oor 'n Persoon: Jesus.

3.3 Die evangelie handel oor Jesus se lewe, sterwe en opstanding waardeur vergifnis en bekering tot stand kom (Hand 5:31).

3.4 Die evangelie moet aan vervreemdes gekommunikeer word. Dit beteken dat hulle tot bekering en navolging opgeroep word.

3.5 Die effek van die evangelie moet in die lewens van die draers gevestig word. Die liefde vir God en mekaar en die navolging van Christus maak dit sigbaar.

3.6 Die kerk is die gemeenskap waar alle mense saamgebind word om die evangelie te vier.

4. Die pragmaties-kommunikatiewe aard van die evangelie

Die *matriks* ('n matriks is 'n samestelling van geordende elemente van verskillende aard waarvoor daar 'n nadere verduideliking nodig is) van die Praktiese Teologie kan deur die woorde "kommunikatiewe handelinge in die diens van die evangelie" aangedui word.[17] In dié omskrywing is die brandpunt handelinge wat kommunikatief in diens van die evangelie optree. Verkuyl[18] gee die volgende definisie van evangelistiek: "Evangelistiek is de wetenschappelijke bemoeienis aangaande de communicatie van het Koninkrijk Gods vanuit de gehele gemeente in haar eigen omgewing door de proclamatie van het Evangelie, door gemeenschap, door diakonia en door participatie in de worsteling om gerechtigheid." Hiermee vestig *hy met reg* die aandag op die kommunikatiewe aard van die evangelie.[19] Wat in die definisie vasstaan, is dat die handelinge in diens van die evangelie omvattend is. Dit omvat die hele bestaan van die gemeente. In enkele woorde gesê: dit gaan om die kommunikasie van die heil wat God deur Christus Jesus bring en deur die Heilige Gees in en buite die gemeente effektueer.

Ek gee hier slegs aandag aan die kommunikasie van die evangelie wat deur die pragmatiese aard van die teks as draer van die evangelie bewerk word. Die teks kan as lees-, preek- en hoorteks onderskei word. Wat in elke geval saak maak is dat die evangelie wat gekommunikeer word verandering by die leser/hoorder op die oog het. Die evangelie bring verandering tot stand. Daarom is dit nie neutraal nie: dit kommunikeer heil vir diegene wat die goeie nuus aanvaar en oordeel vir diegene wat die goeie nuus ignoreer. Dit bring nie net verandering te weeg nie, maar 'n ander lewe kom tot stand.

5. Die gelykenis van die verlore seun as voorbeeld van die evangelie as pragmaties-kommunikatiewe handeling

Dit is veral Edmund Arens[20] wat die aandag op die pragmatiese gelykenisteorie vestig. In die gelykenisse kom fiksioneel-metaforiese tekste ter sprake. In dié tekste gaan dit om die kommunikatiewe handelinge van Jesus waardeur Hy met sy gespreksgenote oor God se koninkryk handel.[21] Hy konfronteer hulle menslike heerskapstrukture met die werklikheid van God se heerskappy.[22] Die kommunikatiewe oogmerk van die gelykenisse is om die hoorders te oorreed om God se heerskappy te aanvaar en daarvolgens te handel.[23] En waar dit nie gebeur nie word die self-ekskommunikasie van die bekeringsonwillige hoorders bewerk.[24]

In Lukas 15 kom die trilogie van die verlore skaap, penning en seuns voor. Die gemeenskaplike is dat ons hier met vervreemdes te doen het, met mense wat buite die kragveld van die evangelie verkeer. Daarom moet daar na hulle uitgereik word; hulle moet gesoek word. Die mens wat buite die kragveld van die evangelie leef, kan as die gesekulariseerde mens beskou word. Die gesekulariseerde mens is iemand wat God se invloed op sy lewe ontken. In die gelykenis van die verlore seuns vertoon die twee gesekulariseerde seuns verskillende kenmerke. Binne die sekularistiese lewenservaring is die jongste die vervreemde wat sy bande met die vaderhuis verbreek. Die oudste se sekularistiese ervaring bring mee dat hoewel hy in die vaderhuis is, hy nogtans ver van die vader leef. Die jongste vind sy behae daarin dat hy afstand van die vader soek. Daarom vestig hy sy vertroue nie langer op sy vader nie, maar op sy goed en outonomiteit. As sy nuwe leefwyse misluk, verval hy in onsekerheid: hy ervaar angs vir die hede en die toekoms. Hy leef op die breuklyn, onder die broodlyn. Die jongman koester 'n gevoel van onbehae oor homself, hy verlang na die vaderhuis. Maar sal die vader sy verlange beantwoord? Die gelykenis laat hieroor geen twyfel nie. Die liefde van die vader trek die seun terug. Die gelykenis as pragmatiese teks is daarop afgestem om die eerste en alle latere hoorders te oorreed om na die Vader terug te keer.

Die oudste verskyn onverwags op die toneel. Dié één wat by die vader gebly het, maar tog so ver van die vader af was. Die vader reik ook na hom uit. Hy is bereid om die minste te wees deur uit te gaan en mooi met sy dikmond seun te gaan praat. Die gelykenis het 'n oop einde. In die vertelling hoor ons nie die oudste seun se antwoord nie. Die pragmatiese aard van die gelykenis kom daarin na vore dat daar 'n beroep op die eerste hoorders en alle latere hoorders gedoen word om die Vader en die broer te ontmoet en saam fees te vier. Die gelykenis beoog om die gesekulariseerde mens — ver en naby — binne die kragveld van die evangelie te bring.[25)]

Die evangelie as kommunikatief-pragmatiese handeling vind sy bestemming daarin dat die eer van God en die heil van die sondaar gevier word.

NOTAS

1. J Verkuyl, *Inleiding in de evangelistiek,* Kampen 1978, 11, 67—74.
2. T Ohm, *Machet zu Jüngern alle Völker! Theorie der Mission,* Freiburg 1962.
3. D J Bosch, "Die onvoltooide sendingtaak in wêreldperspektief", in: *Sendingjaar 1988. Die NG Kerk-Familie Kongresbundel,* Pretoria 1988, 93.
4. J Walsh, *Evangelization and Justice,* Maryknoll, New York 1982, 92.
5. M Geijbels, "Evangelization, Its meaning and Practice", in: *Al-Mushir* 20, no 2 (Summer 1978), 73—82.
6. J Stott, *Christian Mission in the Modern World,* London 1975, 35.
7. *Idem.*
8. *Ibid,* 23.
9. Vgl Bosch, "Evangelism: Why the Endless Debate?", *International Bulletin,* Vol 11/3 (July 1987), 99.
10. *Idem.*
11. *Ibid,* 99—100.
12. Vgl G Strecker, "euagellion Evangelium" in: *Exegetisches Wörterbuch zum Neuen Testament Band 11 1/2,* Stuttgart 1980; J P Louw en E A Nida, *Greek-English Lexicon, Volume 1,* New York 1988, 412—413; M Green, *Evangelism in the Early Church,* Michigan 1970, 48—57; W H Velema, *Wet en Evangelie,* Kampen 1987, 19—22.
13. E Cartro en G Linn, "Evangelisation", in: *Evangelische Kirchenlexikon, Internationale theologische Enzyklopädie,* Göttingen 1985, 1196.
14. Vgl J Jeremias, *Jesu Verheissung für die Völker,* Stuttgart 1956, 35-39; W Grundmann, *Das Evangelium des Lukas,* Berlyn 1974, 118—123.
15. Bosch, a *w,* 1987, 103.
16. C J A Vos, "Verbond: Verblinding of verbinding?", in: *Geboorte en kindwees,* Pretoria 1989.
17. J Firet, "Communicatief handelen in de dienst van het evangelie", in: *Spreken als een leerling,* Kampen 1987, 260.
18. Verkuyl, a *w,* 1978, 51.
19. Vgl C Baümler, *Kommunikative Gemeindepraxis,* München 1984, 17—18.
20. E Arens, "Metaphorische Erzählungen und kommunikative Handlungen Jesu. Zum Ansatz einer Gleichnistheorie", *Biblische Zeitschrift,* Jahrgang 32/1 (1988), 52.

21. *Ibid*, 64—65.
22. *Ibid*, 66.
23. Vgl *ibid*, 69.
24. *Ibid*, 69—70.
25. Vir 'n verduideliking van die gelykenis van die verlore seuns vgl C J A Vos, *Op soek na die sin van die lewe*, Pretoria 1988, 27—35.